# Die invloed van die Aristotelies-skolastieke filosofie op die Dordtse Leerreëls (1619)

## ’n Christelik-filosofiese analise

***B.J. van der Walt***
***Skool vir Filosofie***
***Potchefstroomkampus***
***Noordwes-Universiteit***
***POTCHEFSTROOM***

***hannah@intekom.co.za/***
***benniejvanderwalt@gmail.com***

## Abstract

### The influence of Aristotelian-Scholastic philosophy on the Canons of Dordt (1619); a Christian-philosophical analysis

*Some Reformed theologians have already suggested that aspects of Aristotle’s philosophy may have played a role in the formulation of the Canons of Dordt. However, as theologians they could not provide a full picture of philosophical presuppositions of this confession, still accepted by many Reformed churches worldwide. Furthermore, some of these scholars have tended to view Dordt as a triumph of Aristotelian Scholasticism, while others have called such a conclusion into question. What was the real state of affairs?*

*This contribution, therefore, takes up the issue again, but this time from an explicitly Christian-philosophical perspective. The leading question will be to what extent the scholastic philosophical orientation at Dordt affected the (theological) content of the Canons. Did this kind of philosophy render a positive service to Reformed theology, was it detrimental, or was it merely a matter of style that left the Canons’ contents basically unaffected? The investigation develops as follows:*

*The first, general and introductory section includes the following subsections. First, the basic question is asked whether and how the Canons were philosophically influenced. Then the central problem at Dordt is identified, viz. the relationship between God and the human being. Next two scholastic methods, current at the time, are described. Some remarks about the use of the Scriptures in the Canons follow. Finally a brief overview of subsequent theological reflection on the Canons is given.*

*The second main part provides a brief characterisation of scholastic thinking at the time of Dordt.*

*The third main section contains a detailed analysis of all five chapters of the Canons. It indicates the presence of scholastic philosophy in general and a decretal theology built on a synthetic interpretation of especially Aristotle's philosophy.*

*Part four returns to the two main conflicting viewpoints at the Synod and its final adoption of a late-medieval solution. Then it indicates the similarity between the Canons and the "Synopsis Purioris Theologiae", published at the request of the Synod six years afterwards in 1625.*

*Since the problem of the relationship between divine sovereignty and human responsibility was not satisfactorily solved in the Canons, two questions are finally asked. The first is about contemporary (Reformed) Christians' attitude towards the Canons. The second is whether a Reformational Christian philosophy may be able to make a contribution towards solving the age-old and vexing problem of divine sovereignty and human responsibility.*

## 1. Inleiding: Baie probleme rondom die Sinode van Dordt en die Dordtse Leerreëls

In sy lywige studie oor Christelike belydenisse deur die eeue wys Pelikan (2003:481) op 'n belangrike verskil tussen die talle vroeëre belydenisdokumente van die sestiende-eeuse Reformasie en dié van die tweede en derde geslag en daarna. Hy noem dit 'n skuif van "Reformational confessions to Confessional Scholasticism" (p. 480). Die latere konfessies is nie net veel langer as die vroeëres nie, maar hulle word ook gekenmerk deur die skolastiese vorm waarin hulle gegiet is en die logiese presiesheid wat hulle nagestreef het. Die vraag kan dus gestel word of die kerke veel gewen

het deur die aanvaarding van die sewentiende-eeuse belydenisskrifte.

Ter inleiding egter eers enkele opmerkings oor die volgende: (1) die kompleksiteit van die probleem; (2) wat die sentrale probleem in die DL was; (3) die skolastieke metode waarvolgens die DL opgestel is; (4) probleme met die Skrifgebruik in die DL; (5) wat verdere teologiese besinning oor die DL reeds opgelewer het.

## 1.1 Ingewikkelde probleem

Die volgende vrae kan hier gestel word, maar dan meer uit 'n filosofiese hoek: Watter invloed het die Skolastiese (veral Aristoteliserende) filosofie van destyds op die Sinode van Dordt en sy besluite gehad? Is die populêre geloofsverstaan van die gereformeerdes hier deur teologiese nadenke verskolastiseer? Of die omgekeerde: is die skolastiese teologiese analise hier gepopulariseer? Hoe het die (populêre en teologiese) skolastieke benaderings die *inhoud* van die Dordtse Leerreëls (DL) bepaal? Was dit ten goede of ten kwade of bloot 'n kwessie van vorm of styl (bv. woordgebruik) sonder enige inhoudelike beïnvloeding?

Volgens Sinnema (1986:467) het daar destyds (in 1986) al twee uiteenlopende menings hieroor by teoloë bestaan. Aan die een kant verwys hy na skrywers wat die DL van "skolastieke Calvinisme" beskuldig, wat die oorspronklike Bybelse dinamiek met Aristoteliese formules en oorsake vervang het. Aan die ander kant was daar teoloë wat die idee verwerp dat 'n swaar Aristotelies-belaste gereformeerde ortodoksie by Dordt geseëvier het.

Die enigste uitweg is om self die oorspronklike dokumente te lees, dit met betroubare sekondêre bronne aan te vul, en uiteindelik tot 'n eie gevolgtrekking te kom oor die vraag of en tot hoe 'n mate Dordt 'n refleksie is van die destydse gereformeerd-ortodokse denke. In hierdie bydrae sal, soos reeds genoem, die vraagstuk egter nie vanuit 'n teologiese nie, maar vanuit 'n Christelik-filosofiese hoek benader word.

## 1.2 Die sentrale probleem

Sedert die laaste gedeelte van die vorige eeu was die aandag nogal sterk gevestig op Dordt se leer van die ewige verwerping (vgl. bv. Botha, 1972 en Sinnema, 1985). Klooster (1968:56) vestig egter te-

reg die aandag daarop dat die sentrale probleem by die Sinode van Dordt (SD) die veel breër vraag was hoe presies die verhouding tussen God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid (in hierdie geval vir sy saligheid/verlorenheid) verstaan moet word. Moet alle klem op God of op die mens gelê word? Of kan die verantwoordelikheid vir die verkiesing of verwerping tussen God en mens verdeel word?

Die antwoord op hierdie vraag oor die verhouding tussen God en mens hang egter af van hoe ŉ mens die twee "partye" in die verhouding beskou. Met ander woorde, dit hang van jou Godsidee en mensbeskouing en uiteindelik van jou hele werklikheidsvisie af.

ŉ Tweede belangrike opmerking, wat hiermee saamgaan, is dat dit verkeerd sou wees om te beweer dat die gereformeerdes by die SD slegs die goddelike soewereiniteit beklemtoon het, teenoor die Remonstrante wat alle klem net op die mens se verantwoordelikheid sou lê. Die twee strydende partye wou altwee beide die goddelike en menslike pool erken. Hulle verskil egter oor *hoe* hulle die goddelike en menslike kante sien, oor die *aard* van beide, sodat hulle ook hul onderlinge *verhouding* anders beskou het.

Voorlopig sou ŉ mens dit (teologies) dalk eenvoudig soos volg kon verduidelik: Volgens die SD word menslike verantwoordelikheid *omvat* in God se almag, dit is daaraan *ondergeskik*. Hierteenoor het Arminius en die Remonstrante geleer dat God die mens in so ŉ posisie geplaas het dat hy ŉ meer *outonome* karakter kry, uit eie vrye wil met God in sy verlossing kan saamwerk.

## *1.3 Twee skolastiese metodes*

ŉ Metode is nie iets neutraal of onskuldig met geen invloed op ŉ mens se teologie nie. By die SD was twee metodes in die gereformeerde ortodoksie reeds algemeen gebruik. Die eerste is die sintetiese genoem, waarvolgens *a priories* vanaf die oorsake na hulle gevolge geredeneer is. Die analitiese metode het die omgekeerde argumentasielyn gevolg: *a posteriories* vanaf die gevolge of effekte terug na hulle oorsake. Die eerste metode was bedoel vir die ingeligte teoloë, wat vaste spyse kon waardeer, terwyl die tweede die aangewese populêre weg was vir die gewone kerkvolk om sekerheid van hulle geloof te kry (vgl. Sinnema, 1986:497).

Aan die begin van die Sinode is besluit om die tweede (analitiese) metode te volg om nie in teologiese spekulasies te verval nie (die sintetiese metode). Dit blyk egter duidelik dat die populêre metode van die DL nie sonder invloed van die sintetiese teologie was nie. Beide hierdie metodes (die *a prioriese* en *a posterioriese*) is egter aan die Aristoteliese logika ontleen. Gegrond op die wete-geloof onderskeid (volgens 'n natuur-genade dualisme) verwerp die SD dus nie redelike argumente nie.

## *1.4 Skrifgebruik*

Terselfdertyd word daar by die Sinode daarop klem gelê dat slegs vanuit die Skrif gedink moet word. God se Woord alleen moes bepaal wie van die twee partye daaraan gehoorsaam was. Hierdie beroep op die Bybel kan egter bedrieglik wees. In plaas daarvan om net die Woord te laat spreek, kan 'n mens dit laat "buikspreek", kan dit 'n subtiele vorm van sintesedenke wees. Niemand lees immers die Skrif neutraal vanuit 'n *tabula rasa* nie, maar altyd vanuit 'n bepaalde lewensvisie. Jy kan dus ook jou eie filosofiese en teologiese voorveronderstellings in die Skrif inlees (die metode van eisegese en eksegese).

Hoewel hierdie ondersoek nie op die Skrifgebruik by die DL kan ingaan nie, moet in die algemeen die volgende daaroor gesê word. Klooster (1968:58) wys op die ironiese feit dat beide die Calviniste en Remonstrante hulle soms op dieselfde tekste vir hulle twee verskillende standpunte beroep. Verder (p. 88) word die tekste ook meer gebruik om die ander party se standpunt te verwerp as om die eie visie te staaf.

## *1.5 Latere teologiese besinning*

Hoewel hierdie studie op die filosofiese grondslae van die DL fokus, moet die aandag tog daarop gevestig word dat latere teologiese besinning oor 'n Skrifgebruik ten gunste van 'n deterministiese predestinasieleer ook verrassende nuwe lig op dié probleem bied. Omdat dit nie die fokus van hierdie ondersoek is nie, word slegs kursories daarna verwys.

Berkouwer (1963; vgl. ook 1960) bevraagteken die gebruik van talle Bybeltekste in die DL. Hulle is onduidelik en ook vir ander interpretasies vatbaar. (In sy laaste boek skryf Berkouwer (1989) ook dat

die "hersiening" van die tradisionele, skolastieke predestinasieleer een van die vreugdevolle dinge van sy teologiese arbeid was.) So ook Ridderbos en Verkuyl (vgl. Graafland, 1987:355-357). Ook Polman (1965) opper groot kwessies. Hy sê, byvoorbeeld, dat in die Bybel nêrens sprake is van 'n voortydelike, absolute, goddelike dekreet waarvolgens God mense óf uitverkies óf verwerp nie. (Vgl. verder ook Runia, 1968 en die vroeëre werk van Woelderink, 1951.)

Met betrekking tot een van die sleuteltekste wat ten gunste van 'n ewige uitverkiesingsdekreet aangehaal word, naamlik Efesiërs 1 vers 4 ("... voor die grondlegging van die wêreld ..."), het Holwerda (1958, 1959 en 1998) aangetoon dat met die term "grondlegging" slegs die begin van Israel se volksgeskiedenis bedoel word, dit wil sê God se verbond met Abraham dat in sy nageslag al die volke van die aarde geseënd sal wees. Ook Venema (1992:115-128) bied 'n ander uitleg van Efese 1:4 (vgl. ook Venema, 1965).

Verder bied dieselfde skrywer ook kritiek op gangbare eksegeses van Romeine 8:28-32 en lê daarin klem op die oproep tot *alle* mense om tot geloof te kom. Borgdorff (1960) bied ook 'n nuwe eksegese van dieselfde teks wat geen goddelike determinisme kan regverdig nie.

In die algemeen wys Lehmann (1998) en Veldhuizen (1995) daarop dat volgens 'n supralapsariese standpunt die menslike geskiedenis nie meer ernstig geneem kan word nie, maar iets staties word waarin alles vantevore reeds vasstaan, sodat dit by die mens tot 'n gelate instelling lei.

Terug by die DL kan gesê word dat daar (onder andere as gevolg van die verkeerde geloof-wete dualisme) twee lyne in die DL verwag kan word. Die een is 'n meer *biblisistiese lyn* (waarvolgens Bybeltekste gebruik – en misbruik – word om die eie visie te staaf en die teenstander as verkeerd te bewys – die geloofslyn). Die tweede is die meer *filosofiese lyn*, wat met behulp van veral die Aristoteliese ontologie en logika die biblisistiese lyn moet ondersteun.

Heelwaarskynlik het die Sinode tog aangevoel dat hierdie sintese van yster en klei nie kan werk nie, dat hulle daarmee twee botsende lewensbeskouinge probeer verenig het. Daarom word (aan die einde van die DL) teen *ekstreme* skolastiese taal gewaarsku. Die gebruik van die skolastieke filosofie moes binne die perke van die Skrif bly! ('n Gevaarlike manier om met 'n Trojaanse perd om te gaan.)

## ’n Vervolg op vorige artikels

Hierdie artikel volg op vier vorige artikels in hierdie tydskrif. Die eerste het gehandel oor die gereformeerde ortodoksie van veral die sewentiende eeu in die algemeen. Die twee daaropvolgendes oor die *Synopsis Purioris Theologiae* (vgl. Van der Walt, 2011a, b en c) en die derde oor Goddelike soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid volgens die Christelike sintesedenke. (Die hele reeks sluit verder ook twee bydraes in wat binnekort in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* sal verskyn.) Aan die einde van hierdie artikel sal dus ook nagegaan word of daar ooreenkomste is tussen die DL (van 1619) en die latere *Synopsis*, wat in opdrag van die Sinode van Dordt geskryf is.

Met die oog daarop om die DL te analiseer kan ’n algemene blik op die skolastieke denke, waarin die Aristoteliserende denke so ’n belangrike rol gespeel het, nuttig wees.

## 2. ’n Kort skets van die Aristotelies-skolastieke denke ten tye van die Sinode van Dordt

Van die talle pogings om die gereformeerd-ortodokse skolastieke denke te beskrywe, vat Sinnema (1986:468) dit goed in die volgende vyf hoofkenmerke saam: “(1) It attempts to present the Christian faith as a logically coherent and rationally defensible system of belief. (2) It is dependent on the methodology and philosophy of Aristotle; this is reflected also in a new appreciation of medieval scholasticism. (3) It gives an increased role to reason and logic in exploring and defending religious truth. (4) It shows a strong interest in metaphysical and speculative questions, especially regarding God and his will. (5) It views Scripture in an unhistorical fashion as a self-consistent, rationally comprehensible account that can be reduced to a creedal statement which may then serve as a measuring stick for orthodoxy.”

Teen hierdie agtergrond volg hier slegs enkele opmerkings oor Aristoteles se ontologie, godsidee en oorsakeleer.

### *2.1 Ontologie*

Die filosofiese invloed op die DL blyk veral uit die Aristoteliserende ontologies-hiërargiese skema. Dit het vir Aristoteles oor die syn as sodanig gegaan. Daar bestaan egter nie so iets nie. Kok (1998:53) sê hieroor:

> It is no more than a metaphysical abstraction, an attempt to give reality independence and to ground it on some sure footing. Aristotle's notion of 'being' is another pagan attempt to find the ordering principle in a world without the God of the Scripture.

## *2.2 Godsidee*

Aristoteles se godheid is 'n onbeweeglike beweër – die toppunt van die synsketting – wat (soos 'n magneet) alles beweeg sonder om self te beweeg. God is die eerste oorsaak van alle beweging in die kosmos en ook die einddoel daarvan.

Teenoor Aristoteles se godsbewys (daar bestaan beweging, alle beweging word veroorsaak, dus moet daar 'n eerste beweër wees) moet hier egter gestel word dat – ten minste die ware God – nie die objek van 'n logiese redenering of bewys kan wees nie. (Hy is God ons Vader, tot wie 'n mens alleen deur Jesus Christus kan kom.) Aristoteles se godheid is egter duidelik bloot 'n logiese konstruksie, 'n konklusie gegrond op die veronderstelling dat onbeweeglikheid en onbetrokkenheid goddelik sou wees (vgl. Kok, 1998:108).

Baie belangrik is die volgende opmerking van Vollenhoven (2005:239) oor Aristoteles se godsidee (in sy *Metafisika Lambda*):

> Daarmee nam deze theologie een allesbepalende goddelijke werkzaamheid aan met welk thema deze godsleer tot een deterministische semi-mystiek was vervallen, die mettertijd ook in Christelijke kring zou worden opgenomen. Men denke hierbij aan die opvatting van de predestinatie bij Augustinus in diens laatste periode en bij zijn navolgers, ook binnen reformatorische kring.

Ook die teoloog Venema (1992:10-12, 54) wys – onafhanklik van Vollenhoven – op die invloed van Aristoteles via Augustinus op die Gereformeerde Skolastiek (vir lg. vgl. bv. Veenhof & Postma, 1985).

## *2.3 Oorsakeleer*

Die ketting van kousaliteit sluit in die geval van die DL dan ook die hele heilsgeskiedenis in. God se ewige dekreet (predestinasie) is die hoogste oorsaak, die skepping en die geskiedenis is sekondêre oorsake, middele of instrumente waarmee God sy uiteindelike doel bereik. Soos reeds gesê, kan 'n mens hier die oorsaaklikheidsketting vanaf God na die einddoel volg (die sintetiese metode) of vanaf die doel/effek terug na die Eerste Oorsaak (die analitiese metode).

ʼn Hele reeks van verskillende oorsake is in dié tyd onderskei:

- die bewerkende ("efficient") oorsaak (of gewoon die outeur) verder onderverdeel in:
    - die hoof werksame of hoogste oorsaak
    - die instrumentele oorsaak
    - die motiverende oorsaak
- die materiële oorsaak (of materie)
- die formele oorsaak (of vorm)
    - die finale oorsaak (of doel) onderverdeel in:
    - die hoogste doel
    - die ondergeskikte doel

Hiervolgens sou ʼn mens van ʼn dekretaal-kousale denkwyse kon praat. Heelwat spore daarvan word in die DL teruggevind. ʼn Voorbeeld is die volgende: In DL I,15 is God duidelik die hoof *bewerkende oorsaak* van die verwerping, sy welbehae is die *motiverende oorsaak,* die nie-verkore deel van die mensheid is die *materie of objek,* die dekreet om te verdoem het tweërlei *vorm,* en die bekendmaking van God se geregtigheid is die finale, *hoogste doel*.

Terloops kan vermeld word dat Aristoteles nie alleen op die gereformeerde denke se visie op God ʼn geweldige invloed gehad het nie, maar ook op talle ander fasette van die teologie. ʼn Baie duidelike voorbeeld daarvan is hoe Aristoteles vir eeu lank ons denke ten opsigte van die posisie van vroue bepaal het. In hierdie verband word die uitnemende werk van Allen (1985) by lesers aanbeveel.

## 3. ʼn Analise van die Dordtse Leerreëls

Teen die voorafgaande breë agtergrond word nou hoofstukgewys deur die DL geblaai.

As primêre bron word hier die oorspronklike (Latynse) teks van die DL gebruik (vgl. Schaff, 1983:550-577). Vir ʼn Afrikaanse vertaling, vergelyk die *Gereformeerde Kerke in S.A. se Psalmboek* (2001:71-107) en vir ʼn Engelse weergawe die *Christian Reformed Church of North America* se *Psalter Hymnal* (1987:927-949). Aangesien die jarelange navorsing van Sinnema ook op oorspronklike bronne gegrond is, word hulle (vgl. Sinnema, 1975, 1985 en veral 1986:499-504) as hulpmiddels betrek.

Die bedoeling binne beperkte ruimte is nie om ʼn volledige, uitputtende analise te maak nie, maar hoogstens om die (vir die gewone

leser) verborge buitebybelse filosofiese “landmyne” op te spoor, wat onder die teologiese oppervlakte verborge lê.

### *3.1 In hoofstuk 1*

In I,5 staan dat die oorsaak (*causa*) van die mens se ongeloof nie by God lê nie, maar by die mens. In I,6 lees ons: Dat God aan sommige mense die geloof skenk en ander nie, volg uit sy ewige besluit (*aeterno ipsius decreto provenit*). Die “volg uit” (*provenit*) is die populêre manier om te sê iets is veroorsaak. (Die hele artikel handel oor die vraag wat die *Oorsaak* is vir die onderskeid tussen dié wat geloof ontvang en dié wat dit nie ontvang nie.)

Dieselfde gedagte met ŉ ander term volg in I,7: die uitverkiesing is ŉ onveranderlike voorneme van God (*immutabile Dei propositum*). Hierdie artikel bevat (in gepopulariseerde vorm) ŉ definisie van uitverkiesing volgens die dekretale patroon. Die definisie bestaan uit die volgende dele: Verkiesing is God se doel of *dekreet* met ŉ *ondergeskikte doel* (saligheid) deur die gebruik van bepaalde *middele* (effektiewe roeping, toesegging van geloof, regverdimaking, heiligmaking en verheerliking). Die *finale doel* van die uitverkiesing is egter om God se genade te toon en Hom te prys.

In I,8 word ŉ hele aantal woorde gebruik om die dekretale kousaliteit aan te dui: Die Skrif verkondig aan ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God. (*Scriptura unicum praedicat beneplacticum, propositum et consilium voluntatis Dei.*) Hieruit blyk ook dat die dekreet met God se *wil* verbind word.

Artikel I,9 verwerp die Remonstrante se standpunt dat voorsiene geloof of gehoorsaamheid ŉ voorwaardelike *oorsaak* vir uitverkiesing is, in plaas van die *vrugte* en *gevolg* (*fructus et effectus*) wat uit die eleksie voortvloei (*profluunt*). Vrugte/gevolge is gewoon ŉ populêre weergawe van die Aristoteliese effekte.

Die Remonstrante het, omdat ook hulle die dekretale teologie toegepas het, tot die konklusie gekom dat, as God se dekreet die oorsaak is van alles wat in die geskiedenis gebeur, God ook die oorsaak van die sonde moet wees. In artikel I,15 word God as bewerker (*auctorem*) van die besluit van verwerping (*decretum reprobationis*) egter deur die Sinode verwerp.

In artikel I,16 kom duidelik die verskillende *middele* na vore wat die Oorsaak (God) gebruik om sy doel te bereik.

### 3.2 Hoofstuk 2

Die hele Aristotelies-gekleurde gedagtegang word in hoofstuk 2 voortgesit. II,8 praat van die vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader (*Dei Patris liberrimum consilium, et gratiosissima voluntas atque intentio*). In II,9 word die effektiewe oorsaaklikheid van God se dekreet herhaal: Die besluit (*consilium*) van God word van die begin van die wêreld of tot vandag kragdadig deurgevoer.

Op verskillende plekke in die DL (bv. twee keer hier by die verwerping van die dwalinge) word die dwaalleer van die Remonstrante gelyk gestel met dié van Pelagius en verbind aan die verkeerde leer van die vrye wil van die mens (*libero hominis arbitrio*). Die opmerklike is egter dat in die geval van die verlossing (uitverkiesing) die idee van ŉ vrye wil verwerp word (vgl. VD 2:3), maar dat in die geval van die verwerping (reprobasie) gesê word dat dit aan die mense se sonde – uit vrye wil – toegeskryf moet word. ŉ Moontlike verklaring vir hierdie teenstrydigheid word hieronder gegee.

### 3.3 Hoofstukke 3 en 4

Hoofstuk III/IV,10 leer dat die feit dat sommige mense hul bekeer nie aan hulle eie vrye wil toegeskryf moet word nie (weer word Pelagius genoem), maar aan God. Daarna volg weer ŉ duidelike uiteensetting van hoe God dit wat Hy van ewigheid af besluit het in die tyd uitvoer en sy uiteindelike doel bereik.

In III/IV,14 lees ons dat God die geloof vir die mens ingee of instort. Hy gee nie net die vermoë om te glo nie (*potentia credendi*), maar bring sowel die wil om te glo as die geloof self in die mens tot stand. Hy werk immers alles in almal (*omnia operatur in omnibus*). Die onderskeid hier tussen die potensiële en die aktuele hang nou saam met Aristoteles se vorm-materieleer.

Ons moet egter terugkeer na die vraag waarom die vrye wil soms verwerp word (in die geval van verlossing) en ander kere weer erken word (in die geval van die verwerping). Anders gestel: by die uitverkiesing word menslike verantwoordelikheid blykbaar ontken, maar nie by verwerping nie.

Die antwoord lê in die DL se skolastieke dualisme van natuur en genade. In III/IV,16 word geleer dat die mens se natuur (bestaande

uit verstand en wil) nie deur die sondeval heeltemal vernietig is nie. Hy het mens gebly. In III/IV,11 word dan gesê dat God dié wil wat *dood* was (is dit nie dan tog *vernietig* nie?) weer lewendig maak. As bewegende oorsaak beweeg en versterk hy die menslike wil. In III/IV,12 word dan bygevoeg dat hierdie wedergeboorte 'n volkome bonatuurlike (*supernaturalis*) daad van God is. Die menslike wil word nou deur God gedryf en beweeg (*agitur et movetur a Deo*) en, deur God gedryf, werk dit ook self (*a Deo acta, agit et ipsa*). Let hier weer op die Aristoteliese idee van God as die eerste bewegende oorsaak.

In III/IV,17 word op die skolastieke onderskeid tussen 'n natuurlike en 'n bonatuurlike gebied in die mens voortgebou. God se bonatuurlike werking (wedergeboorte ens.) sluit egter nie die gebruik van natuurlike middele (soos die verkondiging van die evangelie, die sakramente en kerklike tug) uit in die bereiking van sy doel nie. Hierdie tweeterreineleer van 'n natuurlike en bonatuurlike (of geestelike) deel in die mens is nie net duidelik by die uiteensetting van die regsinnige leer nie, maar ook by die verwerping van die dwalinge (vgl. bv. VD III/IV,7).

Ten slotte kan opgemerk word dat hierdie leer van die verhouding tussen natuur en genade (of God se werk en die mens se werk) presies dieselfde is as dié van die Thomisme, wat leer dat die genade nie die natuur ophef of vernietig nie, maar dit slegs vervolmaak (*gratia non tollit naturam sed perfecit*). Dit dui verder op 'n *ontologiese* (i.p.v. *religieuse*) visie op die verhouding tussen God en mens. By die sondeval het daar volgens hierdie standpunt nie 'n religieuse verandering van *rigting* (van gehoorsaamheid na ongehoorsaamheid aan God se wet) plaasgevind nie. Die mens het slegs *iets onties* (in sy struktuur) verloor, naamlik die bonatuurlike. God se verlossing beteken dus ook nie 'n nuwe religieuse rigting nie (nuwe gehoorsaamheid aan sy gebooie nie), maar slegs die teruggawe van die bonatuurlike "deel" wat by die val verlore geraak het.

### *3.4 Hoofstuk 5*

In hierdie hoofstuk, wat oor die volharding van die gelowiges handel, kon die opstellers van die DL nie daarby verbykom om meer klem as in die vorige hoofstukke op menslike verantwoordelikheid te lê nie. In VD, III/IV,9 het die DL nog die goddelike genade en die vrye wil van die mens as gedeeltelike oorsake van sy bekering

verwerp – die goddelike genade alleen gaan die menslike wil voor-af. In V,4 word egter gesê dat die gelowiges nie altyd so deur God gedryf en beweeg word (*a Deo aguntur et movetur*) dat hulle nie ook in sonde kan val nie. (Soos reeds vroeër gesê, word menslike verantwoordelikheid in die geval van sonde erken, maar nie in die geval van verlossing nie. Die mens kan wel die *negatiewe* wil, maar nie die *positiewe* wil nie.)

Artikel 6 en 7 gee egter die versekering dat sulke gelowiges nie verlore sal gaan nie. Want God se besluit tot uitverkiesing is onveranderlik en die (goddelike) saad (*semen*) waaruit hulle wedergebore is, is onverganklik. (Let weer daarop dat die wedergeboorte en geloof iets onties is, wat God by die mens ingiet.) Artikel 8 herhaal hierdie versekering van die onveranderlike raad (*consilium*) van God.

In V,10 word, behalwe hierdie sekerheid (van God se dekreet), ook die getuienis van die Heilige Gees genoem en laastens die ernstige en heilige strewe van 'n goeie gewete en goeie werke (*bonae conscientiae et bonorum operum*). V,12 bou daarop voort. Hierdie sekerheid van die volharding lei tot godsvrug, geduld, gebed, dankbaarheid en goeie werke. By die verwerping van die dwalinge wat hierna volg, word egter duidelik gestel dat hierdie goeie werke die *gevolg* van God se verkiesing is en nie 'n *voorwaarde* daarvoor nie.

In VD, V,5 word die deurtjie vir menslike verantwoordelikheid egter weer oopgemaak. Eers word die Roomse leer van die goeie werke as 'n voorwaarde vir verlossing verwerp. 'n Mens kan egter, behalwe uit die beloftes van God, ook sekerheid verkry uit die kenmerke wat aan die kinders van God eie is (*propriis filiorum Dei signis*). Hieroor word nie verder uitgewy nie. Daar kan egter aangeneem word dat hier verwys word na die praktiese sillogisme. (Vgl. die bespreking van Beza en Ursinus in die vorige artikel in hierdie tydskrif.) Uit 'n goeie gewete en goeie werke kan 'n mens ook geloofsekerheid bekom!

## *3.5 Besluit*

In die *conclusio* word herhaal dat die regsinnige leer van die DL uit die Woord van God geneem is. Predikante word ten slotte vermaan om in ooreenstemming met die Skrif en volgens die reël van die geloof te dink en preek en hulle te weerhou van alle uitsprake wat

die voorgeskrewe perke van die Heilige Skrif oorskry. Die vraag is egter of die Sinode self aan hierdie voorskrif beantwoord het.

ŉ Bietjie vroeër in hierdie besluit word die Remonstrante se beskuldiging verwerp dat die dekretale gereformeerde visie sou glo "dat net soos (*eodem modo*) die verkiesing die fontein en oorsaak (*fons et caussa*) van die geloof en die goeie werke is, is die verwerping ook die oorsaak (*caussam*) van die ongeloof en die goddeloosheid". Hoewel hiermee die *eodem modo*-verhouding verwerp word, geld dit nie die eerste helfte van die stelling nie!

Sinnema (1986:504) se konklusie is dan ook "... decretal thinking show through the popular language of the Canons at enough points that it may be concluded that decretal theology lies in the background of the Canons".

### *3.6 Die ander kant van die Leerreëls*

As gevolg van die sintese tussen die Bybel en onder andere Aristoteles, en waarskynlik ook omdat daar selfs onder dié ortodokse verteenwoordigers op die Sinode van Dordt verskillende standpunte teenwoordig was (wat in die Dordtse Leerreëls tot die formulering van kompromieë gelei het), vind ŉ mens egter ook talle pragtige Bybelse geluide in die DL. Voorbeelde daarvan is die volgende. In II,5 word geleer dat *elkeen* wat in Christus glo nie verlore sal gaan nie; dat hierdie evangelie aan *alle* volke en mense *sonder onderskeid* verkondig moet word; dat dit met die eis tot *bekering en geloof* moet gebeur (my kursivering). In III/IV,8 staan dat diegene wat deur die evangelie geroep word *in alle erns* geroep word en dat God in *alle erns aan almal* wat na Hom toe kom die ewige lewe belowe. En teenoor ŉ deterministiese visie verkondig III/IV,16 dat die Goddelike genade nie in mense werk asof hulle stokke en blokke is nie of teen hulle sin met geweld gedwing sou word nie.

Dit neem egter nie weg dat die "ander kant" van die DL ook bestaan en langdurige nadelige gevolge gehad het nie. Net een uitspraak van Kuyper om aan te toon hoe die spekulasies oor God se ewige dekreet op onrusbarende wyse ook baie later nog weerklank gevind het. Hierdie bekende denker skryf slegs honderd jaar gelede nog: "... het kruis van Golgota, het lijden, de opstanding heeft niets aan ons heil toegebracht ... Dat wij verlost zijn ligt voor onze geboorte in den Raad Gods, maar voor ons bewustzijn wordt dat pas reëel als

wij gerechtvaardigt zijn *in foro conscientiae*" (Kuyper, 1910:71). Eintlik was Christus se koms volgens so 'n stelling dus onnodig!

## 4. Ter afsluiting

Drie sake vra aan die einde van hierdie ondersoek die aandag: (1) Wat presies het die SD en die DL oor uitverkiesing en verwerping en veral die rol van God en mens daarin geleer het? (2) Hoe kom die filosofie daaragter ooreen met dié van die *Synopsis* (vgl. 1.6 hierbo)? (3) Wat van die pad vorentoe?

### *4.1 Die Sinode en die Leerreëls se uiteindelike standpunt*

Twee fasette vra hier die aandag: (1) Hoe het die Dordtse posisie van dié van die Remonstrante *verskil?* (2) Wat was die standpunt van Dordt *self*?

#### *4.1.1 Die verskil tussen die twee partye*

By hierdie weergawe word sterk geleun op Sinnema (1985:447-450) se deeglike proefskrif. Die Remonstrante het die infralapsarisme maar veral die supralapsarisme (van bv. Beza, Gomarus, Pekins e.a.) verwerp. Hulle het nie die leer van God se verwerping ontken nie, maar veral die ekstreme standpunte by Calviniste, wat die indruk geskep het dat God se verwerping ook die oorsaak van die sonde sou wees. Hulle was veral teen absolute, dekretale reprobasie, die visie dat God met 'n blote wilsbesluit – sonder enige inagneming van menslike sonde – mense sou verdoem. Die Remonstrante het dus 'n posisie voorgestaan wat by God se ewige besluit om te verwerp ook menslike verantwoordelikheid verreken het.

Sinnema (1985:447) wys egter daarop dat die Remonstrante en die Sinode ongelukkig twee verskillende agendas gehad het. Eersgenoemde wou die ekstreme visies oor God se deterministiese verwerping laat beoordeel. Laasgenoemde wou die Remonstrante se idee van uitverkiesing op grond van vooruitgesiene geloof laat verwerp. Die twee het by mekaar verbygepraat en, gesien die politieke steun wat die Calviniste van die Nederlandse regering gehad het, was die verbanning van die Remonstrante eintlik onvermydelik. Hoewel daar werklike verskille was, was die twee partye nader aan mekaar as wat die vurige debatte tussen hulle voorgegee het (Sinnema, 1985:448). Die Remonstrante was eintlik meer in ooreenstemming met die beweging binne die gereformeerde teologie

van die laat-sestiende eeu, wat meer aandag aan menslike verantwoordelikheid wou gee as wat die geval by Calvyn was.

### *4.1.2 Dordt se uiteindelike posisie*

In ooreenstemming met die groeiende invloed van die Skolastiek op die laat sestiende en sewentiende eeu, aanvaar Dordt – as kompromis tussen 'n verskeidenheid destydse menings onder Gereformeerde Ortodokse denkers – 'n effens gemodifieerde, laat-Middeeeuse oplossing vir die hele kwessie van verwerping. Daarvolgens (vgl. Sinnema, 1985:449) word tussen 'n positiewe en negatiewe faset van verwerping onderskei: God se wil is die oorsaak aan die negatiewe en die menslike sonde die oorsaak aan die positiewe kant. Die verskil met die laat-Middeleeuse visie is dat die DL verwerping in die konteks van 'n dubbele pleks van 'n enkele predestinasieraamwerk plaas en ook die Goddelike wil as 'n oorsaak vir positiewe verwerping beskou het. Volgens Sinnema (1985:450) het die Skolastiese denke hier 'n goeie invloed gehad – met 'n krom stok kan soms 'n reguit hou geslaan word! Dit het 'n matigende invloed op die vroeëre, sterk deterministiese, Calvinistiese teologie gehad, waarin menslike verantwoordelikheid nie tot volle reg gekom het nie.

Aan die negatiewe kant noem Sinnema (1985:430 e.v.) egter die volgende punte: (1) Die dekretale teologie, waarvolgens God van ewigheid af uitkies en verwerp, word ongelukkig gehandhaaf. (2) God se ewige dekreet veronderstel 'n gevalle mensheid selfs al was die mens nog nie werklik geskep of gevalle nie. (3) Die DL is nie konsekwent in hulle terminologie van byvoorbeeld die term "verwerping" (reprobasie) nie; ook nie duidelik oor die oorsake vir die verwerping (vgl. die positiewe en negatiewe hierbo) en die verhouding tussen verkiesing en verwerping nie. (4) Die Skrifbewyse van die DL vir bogenoemde kan ook bevraagteken word (vgl. weer afds 1.4 en 1.5 hierbo).

## *4.2 Ooreenkoms en verskille tussen die Dordtse Leerreëls en die "Synopsis" (SPT)*

Om *presies* te bepaal hoe die DL en SPT *teologies* ooreenkom en/of verskil sou 'n afsonderlike ondersoek noodsaak. Aangesien die Sinode self die opdrag aan vier betroubare gereformeerde professore van Leiden gegee het om die werk op te stel, kan weinig verskille en eerder 'n volledige ooreenkoms verwag word.

Die enigste verskil is dat die SD en die DL die populêre (analitiese) skolastieke metode van destyds gevolg het, terwyl die SPT ('n teologiese handboek) die sintetiese metode gebruik het (vgl. weer afd. 1.3 hierbo). Dit lei onder andere daartoe dat die diepere-filosofiese uitgangspunte in die geval van die SPT duideliker na vore kom en heelwat makliker as in die geval van die DL opgespoor kon word. (Vgl. die twee vorige bydraes in hierdie tydskrif oor die SPT.)

## *4.3 Die pad vorentoe*

Twee belangrike vrae verg ter afsluiting die aandag: (1) Wat behoort gereformeerde mense se houding ten opsigte van die DL te wees? (2) Hoe behoort die verhouding tussen God en mens in 'n suiwerder Bybelse lig beskou te word?

### *4.3.1 Die gesag van die DL vandag*

In die lig van die talle kritiese (teologiese en filosofiese) vrae oor die Skrifgetrouheid van die DL, as gevolg van onbybelse invloede daarop, word verskillende oplossings voorgestel. Só, byvoorbeeld, dat hierdie konfessie "opgedateer",of selfs verwerp moet word. Nie een van hierdie twee opsies lyk egter vir die skrywer gewens nie. Opdatering sou in feite 'n herskryf daarvan beteken. In plaas van uitskakeling daarvan uit die gereformeerde belydenisskat, moet dit behou word. Maar dan op voorwaarde dat gereformeerde gelowiges ook 'n nuwe, eietydse, relevante en dus inspirerende belydenis/konfessie/credo/getuienis sal opstel. Nuwe geslagte het nuwe probleme, praat 'n ander taal as 400 jaar gelede en het die verantwoordelikheid om God se openbaring op 'n eietydse wyse te bely. 'n Reeds bestaande poging in hierdie rigting is die Christian Reformed Church (van die VSA en Kanada) se "Contemporary Testimony" met die titel *Our world belongs to God* (vgl. Christian Reformed Church, 1987:1019-1038).

### *4.3.2 Goddelike soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid*

Op die tweede vraag is die antwoord dat 'n meer Bybels-filosofiese perspektief op die verhouding tussen God en mens wel beskikbaar is. Myns insiens bied Vollenhoven dit reeds in sy *Isagôgè Philosophiae* (vgl. Vollenhoven, 2005:77-102). Oor die gedagtes wat daarin gebied word kan gerus besin en selfs verder voortgebou word.

(Dit word gedoen in 'n afsonderlike bydrae in 'n ander Suid-Afrikaanse tydskrif.)

## Bibliografie


ALLEN, Sister P. 1985. *The concept of woman; the Aristotelian revolution, 750 B.C.-A.D. 1250.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

BERKOUWER, G.C. 1960. *Divine election*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

BERKOUWER, G.C. 1963. Vragen rondom de belijdenis. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift,* 63(1):1-4:2, Februarie.

BERKOUWER, G.C. 1989. *Zoeken en vinden; herinneringen en ervaringen.* Kampen: Kok.

BORGDORFF, W. 1960. *De Ontferming Gods; vier preken.* Soestdijk: P.K. Meurer.

BOTHA, J.F. 1972. *Die problematiek rondom die leer van die verwerping van ewigheid in die Dordtse Leerreëls.* D.Th.-proefskrif. Stellenbosch: Univ. van Stellenbosch.

CHRISTIAN REFORMED CHURCH, 1987. *The Canons of Dort. In: Psalter Hymnal.* Grand Rapids, Michigan: CRC Publications. pp. 927-949.

GEREFORMEERDE KERKE IN S.A. 2001. Die Dordtse Leerreëls. In: *Psalmboek in gebruik in die Gereformeerde Kerke in S.A.* Wellington: N.G. Kerk-uitgewers. pp. 71-107.

GRAAFLAND, C. 1987. *Van Calvijn tot Barth; oorsprong en ontwikkeling van de leer der verkiesing in de Gereformeerde Protestantisme*. 's-Gravenhage: Nijhoff.

HOLWERDA, D. 1958. *De grondlegging der wêreld. Zag Israel zijn uittocht als schepping?* Enschede: J. Boersma.

HOLWERDA, D. 1959. *Wat betekent de term "grondlegging der wêreld" in het Nieuwe Testament?* Enschede: J. Boersma.

HOLWERDA, D. 1998. *De Schrift opent een vergezicht.* Kampen: Voorhoeve.

KLOOSTER, F. 1968. The doctrinal deliverances of Dort. In: De Yong, P.Y. (Ed.). *Crisis in the Reformed Churches; essays in commemoration of the great Synod of Dort, 1618-1619.* Grand Rapids, Michigan: The Reformed Fellowship. pp. 52-94.

KOK, J.H. 1998. *Patterns of the Western mind*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.

KUYPER, A. 1910. *Dictaten Dogmatiek.* Deel 3. Kampen: Kok.

LEHMANN, H. 1998. *Protestantische Weltsichten.* Götingen: Vanden Hoeck & Ruprecht.

PELIKAN, J. 2003. *Credo; historical and theological guide to creeds and confessions of faith in the Christian tradition*. New Haven/London: Yale Univ. Press.

POLMAN, A.D.R. 1965. De leer der verwerping van eeuwigheid op de Haagse Conferentie van 1611. In: Schippers, R., Meuleman, G.E., Bakker, J.T. en Kuitert, H.M. (Reds), *"Ex auditu Verbi"; theologische opstellen aangeboden aan Prof. G.C. Berkouwer.* Kampen: Kok. pp.176-193.

RUNIA, K. 1968. Recent Reformed criticisms of the Canons. In: De Yong, P.Y. (Ed.), *Crisis in the Reformed Churches; essays in commemoration of the great Synod of Dort, 1618-1619.* Grand Rapids, Michigan: Reformed Fellowship. pp. 161-180.

SCHAFF, P. 1983. Canones synodi dordrectanae, AD. 1618-9. In: Schaff, P. (Ed.), *The creeds of Christendom* (Vol. 3). Grand Rapids, Michigan: Baker. pp. 550-557.

SINNEMA, D.W. 1975. Reflections on the nature and method of theology at the University of Leiden before the Synod of Dordt. Toronto: Institute for Christian Studies. (Unpublished Masters Thesis.)

SINNEMA, D.W. 1985. *The issue of reprobation at the Synod of Dort (1618-1610) in the light of the history of the doctrine.* Ph.D. Thesis. Toronto: Univ. of St. Michael's College. Ann Arbor, Michigan. University Microfilms International.

SINNEMA, D.W. 1986. Reformed scholasticism at the Synod of Dordt (1618-1619). In: Van der Walt. B.J. (Ed.), *John Calvin's "Institutes", his "opus magnum".* Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. pp. 467-506.

VAN DER WALT, B.J. 2011a. 'n Klein wins maar 'n groot verlies in die laat sestiende-eeuse en sewentiende-eeuse Gereformeerde Ortodoksie; 'n Christelik-filosofiese benadering. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 47(1):97-116.

VAN DER WALT, B.J. 2011b. Die "Suiwer" Gereformeerde teologie van 1625 sonder 'n "suiwer" filosofiese grondslag: Is dit moontlik? 'n Christelik-wysgerige ondersoek. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 47(2):1-33.

VAN DER WALT, B.J. 2011c. 'n Onsuiwer mensbeskouing, kenteorie en wetenskapsleer in die "Synopsis Purioris Theologiae" (1625); 'n Christelik-filosofiese verkenning. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 47(3):49-86.

VEENHOF, J. & POSTMA, F. 1985. Disputen omtrent predestinatie; het logisch denken van Johannes Maccovius en de doorwerking daarvan. In: Jensma, G.Th., Smit, F.R.H. & Westra, F. (Reds), *Universiteit van Franeker*: 1585-1811. Leeuwarden.

VELDHUIZEN, P. 1995. *God en mens onderweg; hoofmomenten in de theologische geschied-beschouwing van K. Schilder.* Proefskrif. Amsterdam: Vrije Universiteit.

VENEMA, H. 1965. *Uitverkiezen en uitverkiezing in het Nieuwe Testament.* Kampen: Kok.
VENEMA, H. 1992. *Uiverkiezing? Jazeker! Maar hoe?* Kampen: Van den Berg.
VOLLENHOVEN, D.H.Th. 2005. *Isagôgè Philosophiae; introduction to Philosophy.* Ed. by J.H. Kok & A. Tol. Sioux Center, Iowa: Dordt College.
WOELDERINK, J.G. 1951. *De uitverkiesing*. Delft: Van Keulen.